

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(WES-KAAP HOË HOF, KAAPSTAD)

SAAKNOMMER:

SS22/2010

5 **DATUM:**

15 FEBRUARIE 2011

In die saak tussen:

DIE STAAT

en

10 **ELTON JEROME SMITH**

Beskuldigde 1

WAYNE ABRAHAM SMITH

Beskuldigde 2

V O N N I S

15

BINNS-WARD, R:

Nadat ek die beskuldigdes skuldig bevind het in die hof se uitspraak gelewer op 7 en 8 Desember van verlede jaar, was
20 die verdere verrigtinge in die verhoor uitgestel om 'n verslag te
bekom omtrent die beskuldigdes se agtergrond en persoonlike
omstandighede. Afsonderlike verslae is daarna ten opsigte
van die iedere van die beskuldigdes opgestel deur me Darleen
Koegelenberg, wat as maatskaplike werker in die openbare
25 diens sedert 1981 werksaam is. Die proefbeampte se verslae
/bw

/...

is by ooreenkoms tussen die staatsaanklaers en die advokaat vir die verdediging ingehandig as Bewysstukke DD en EE onderskeidelik. Die advokate het ooreengekom dat dit nie nodig was dat me Koegelenberg haar verslae onder eed moes bevestig nie.

Beskuldigde 2 het getuienis aangebied ter versagting van vonnis, maar die inhoud daarvan het wesenlik daarop neergekom as niks meer as bevestiging van wat in die proefbeampte se verslag uiteengesit is nie. Ek is nie van plan om met die inhoud van die proefbeampte se gedetailleerde verslae te handel nie. Dit kan egter aanvaar word dat ek die verslae deeglik deurgelees het en die inhoud daarvan in sy geheel in ag geneem het vir doeleindes van vonnisoplegging.

15

Die verslae vertoon 'n verontrustende beeld van die twee beskuldigdes as jong mans. Alhoewel hulle van 'n relatiewelik stabiele familie-agtergrond afkomstig is in die sin dat hulle ouers vir meer as 30 jaar met mekaar getroud gebly het en hulle vader adekwaat vir hulle materiële behoeftes versorg het, is dit duidelik dat hulle albei vanaf 'n betreklike jong ouderdom tekens van anti-sosiale of onvanpaste gedrag getoon het. Hulle het oënskynlik van dwelms begin gebruik maak vanaf hulle vroeë tienerjare en as gevolg hiervan het hulle, hulle aan onaanvaarde^{bare} gedrag skuldig gemaak tot so 'n mate dat hulle

25

/bw

/...



skoolloopbane in die wiele gery is.

Beskuldigde 1 het skool verlaat op Graad 8 vlak en
beskuldigde 2 is uit die skool geskors toe hy in Graad 9 was.
5 Alhoewel hulle daarna etlike werksgeleenthede aangepak het,
is dit duidelik dat hulle nie op 'n langdurige basis in enige werk
kon bly nie. Die mees belangrike doelwit in beide van hulle
lewens blyk te wees om geld te kry om dwelms te koop. Dit
blyk ook dat gedurende hulle kinderjare was hulle vader vir
10 lange periodes afwesig as gevolg van sy werk destyds as 'n
langafstandvragmotordrywer.

Dit blyk uit die proefbeampte se verslae dat die beskuldigdes
se moeder geneig was om teenoor hulle oorbeskermend te
15 wees. Dit is duidelik dat sy hulle bederf het. Hulle was
toegelaat om die moeder se motor te gebruik, nieteenstaande
dat hulle nie bestuurderslisensies het nie. Die moeder was
ook tegemoetkomend ten opsigte van hulle dwelmmisbruik en
selfs ten opsigte van beskuldigde 1 se diewery om sy
20 dwelmverslawing ^{te} ~~te~~ finansier. 

Beskuldigde 1 is lid van 'n gevangenisbende en dit lyk dat
beskuldigde 2 ook 'n bendelid geword het. Hy het sekere
tatoeëermerke op sy liggaam laat aanbring en kon geen
25 oortuigende verduideliking hiervoor vir die proefbeampte

aanbied nie. Die getuienis is dat dwelms vrylik in die gevangenis bekombaar is en die beskuldigdes hou vol met hulle verslawing daaraan.

- 5 Myns insiens is die enigste faktor wat uit die beskuldigdes se persoonlike omstandighede in hulle guns tel, hulle relatiewe jeugdigheid. Beskuldigde 1 was 'n paar maande kort van 22 jaar oud toe die misdade gepleeg was. Beskuldigde 2 is omtrent een en 'n half jaar ouer as beskuldigde 1. Maar soos
10 onlangs deur die Hoogste Hof van Appèl in S v Matyityi 2011 (1) SACR 40 te paragraaf 14 opgemerk:

15 "Turning to the respondent's age, what exactly about the respondent's age tipped the scales in his favour, was not elaborated upon by the learned judge. During the course of the judgment, reference was made to the respondent's 'relative youthfulness', without any attempt to defining what exactly that meant in respect of this particular
20 individual. It is trite that a teenager is *prima facie* to be regarded as immature and that youthfulness of an offender will invariably be a mitigating factor unless it appears that the viciousness of his or her deeds rule out immaturity. Although the exact
25 extent of the mitigation will depend on all the

circumstances of the case, in general a court will not punish an immature young person as severely as it would an adult. It is well established that the younger the offender, the clearer the evidence
5 needs to be about his or her background, education, level of intelligence and mental capacity in order to enable a court to determine the level of maturity and, therefore, moral blameworthiness. The question in the final analysis is whether the
10 offender's immaturity, lack of experience, indiscretion and susceptibility to being influenced by others reduced his blameworthiness. Thus, while someone under the age of 18 years is to be regarded as naturally immature, the same does not
15 hold true for an adult. In my view, a person of 20 years or more must show, by acceptable evidence, that he was immature to such an extent that his immaturity can operate as a mitigating factor."

20 Daar is geen getuienis voor die hof wat my oortuig dat die een of die ander van die beskuldigdes so onvolwasse was tot so 'n mate dat hulle ouderdom as wesenlike versagtende omstandighede in berekening gebring kan word nie. Normaalweg sou die betreklike jeugdigheid van 'n veroordeelde
25 iets wees wat in ag geneem word by vooruitsigte van
/bw I...

hervorming en rehabilitasie. As ek kyk na die beskuldigdes se geskiedenis en hoe hulle, hulle nou in die tronk bevind, kry ek die indruk dat die kanse van hervorming uiters skraal is.

5 Ek neem egter in ag dat beide van hulle dit reggekry het om meerderjarigheid te bereik sonder om enige ernstige vorige veroordelings op te tel nie. Dit doen egter nie af nie van die feit dat die misdade waarop veral beskuldigde 1 skuldig bevind is van die alle ernstigstes is. Die gemeenskap verg dat die
10 howe vonnisse moet oplê wat beskerming voorsien teen misdadigers wat die mees ernstige misdrywe pleeg soos moord en roof onder verswarende omstandighede. Hierdie gemeenskaplike siening word weergegee in die bepalings van die Strafwysigingswet 105 van 1997, in besonder deur die
15 voorgeskrewe minimum vonnisse wat deur daardie wet bepaal word. Die effek hiervan is deur die Appèlhof in S v Malgas 2001 (1) SACR 469 te paragrawe 8 en 9 as volg opgesom:

20 "A court is not to be given a clean slate on which to inscribe whatever sentence it thought fit. Instead it was required to approach that question, conscious of the fact that the legislature has ordained life imprisonment or the particular prescribed period of imprisonment as the sentence which should
25 ordinarily be imposed for the commission of the

listed crimes in the specified circumstances. In short, the legislature aimed at ensuring a severe standardised and consistent response from the courts to the commission of such crimes, unless
5 there were, and could be seen to be, truly convincing reasons for a different response. When considering sentence, the emphasis was to be shifted to the objective gravity of the type of crime and the public's need for effective sanctions against
10 it. The specified sentences were not to be departed from lightly and for flimsy reasons which could not withstand scrutiny. Speculative hypotheses favourable to the offender, maudlin sympathy, aversion to imprisoning first offenders, personal
15 doubts as to the efficacy of the policy implicit to the amending legislation and like considerations, were equally obviously not intended to qualify as substantial and compelling circumstances. Nor were marginal differences in the personal
20 circumstances or degrees of participation of co-offenders which, but for the provisions, might have justified differentiating between them."

Sien ook die uitspraak in Matyityi se saak, waaruit voorheen
25 aangehaal was, te paragraaf 23, waar die geleerde appèlregter
/bw /...

homself as volg uitgelaat het:

5 "Despite certain limited successes, there has been
no real letup in the crime pandemic that engulfs our
country. The situation continues to be alarming. It
follows that to borrow from Malgas, it still is 'no
longer business as usual', and yet one notices all
too frequently a willingness on the part of
sentencing courts to deviate from the minimum
10 sentences prescribed by the legislature for the
flimsiest of reasons, reasons as here do not survive
scrutiny. As Malgas makes plain, courts have a
duty, despite any personal doubts about the efficacy
of the policy or personal aversion to it, to implement
15 those sentences. Our courts derive their power
from the constitution and like other arms of state,
owe their ^{fealty} ~~fealty~~ to it. Our constitutional order can
hardly survive if courts fail to properly patrol the
boundaries of their own powers by showing due
20 deference to the legitimate domains of power in the
other arms of state. Here parliament has spoken, it
has ordained minimum sentences for certain
specified offences. Courts are obliged to impose
those sentences unless there are truly convincing
25 reasons for departing from them. Courts are not

free to subvert the will of the legislature by resort to
vague, ill-defined concepts such as 'relative
youthfulness' or other equally vague and ill-founded
hypotheses that appear to fit the particular
5 sentencing officer's personal notion of fairness.
Predictable outcomes, not outcomes based on the
whim of an individual judicial officer is foundational
to the rule of law which lies at the heart of our
constitutional order."

10

In die geval van beskuldigde 1 moet hy dwingende en
wesentliche omstandighede bewys hoekom die voorgeskrewe
minimum vonnis van lewenslange gevangenisstraf nie opgelê
mag word nie ten opsigte van die veroordeling op die
15 aanklagte van moord. So ook die 15 jaar voorgeskrewe
minimum vonnis ten opsigte van die aanklagte van roof.
Volgens my oordeel, het hy hom nie van hierdie bewyslas
gekwyt nie. Die moord is doelbewus uitgevoer en die
oorledene is koelbloedig gekap en ter dood gebring,
20 oënskynlik slegs sodat die geld wat hy op hom gehad het,
gebruik kon word om dwelmmiddels te bekom en sodat sy
selfoon en sy trouing te gelde gemaak kon word ook vir
daardie doeleinde.

25 Dit is verswarend dat die beskuldigde onmiddellik na die moord

/bw

/...


met sy dwelmroky en kaartspelery kon aangaan asof niks gebeur het nie. Dit is ook verswarend dat nadat hy gearresteer was en tot in hierdie stadium van die verhoor, het hy absoluut geen teken van berou getoon nie. 'n Mens wat op
5 so 'n wyse kan optree, hou 'n gevaar in vir die gemeenskap. Die vonnis wat die hof opleë moet ook getuig van die diepe afkeur van die gemeenskap vir wat die beskuldigde gedoen het. Sy grusame daad het die gemeenskap van 'n waardiglike en bydraende lid ontnem. Dit het ook sielesmart en verdriet
10 aan die oorledene se eggenote en sy bejaarde ouers aangedoen, wat hulle mee sal moet lewe vir die res van hulle dae. Na my oordeel is die uiterste vonnis in hierdie geval nie net die voorgeskrewe vonnis nie, maar ook die toepaslike. Beskuldigde 1 word as gevolg gevonniss:

15

1. Op die aanklagte van moord **TOT LEWENSLANGE GEVANGENISSTRAF.**
2. Op die aanklag van roof **TOT 15 (VYFTIEN) JAAR**
20 **GEVANGENISSTRAF.**
3. Op die aanklagte dat hy in besit was van 'n vuurwapen en in besit van 'n onbepaalde hoeveelheid ammunisie sonder 'n lisensie in oortreding van die bepalings van die Wet op
25 die Beheer van Vuurwapens 60 van 2000, word beide

klagtes as een vir vonnisdoeleindes saamgevat en word
die beskuldigde tot **DRIE (3) JAAR GEVANGENISSTRAF**
GEVONNIS.

- 5 Die vonnisse op klagtes 2, 3 en 4 sal samelopend wees met
die vonnis van lewenslange gevangenisstraf wat met
betrekking tot aanklagte 1 opgelê was.

Wat beskuldigde 2 betref is die misdrywe waarop hy skuldig
10 bevind was ook ernstig. Die toepaslike vonnis vir 'n
begunstigde tot misdryf hou tot 'n sekere mate in verhouding
met die ernstigheid van die misdryf waartoe hy 'n begunstigde
is. Die omstandighede waaronder hy 'n gemeenskaplike doel
met beskuldigde 1 gevorm het om die verhuurde motor en die
15 persoonlike eiendom van die oorledene te steel, is verswarend.
Hy het ook geen berou getoon nie en gee my min hoop dat hy
sal hervorm, of dat hy gerehabiliteer sal word ~~nie~~. 

Die enigste toepaslike vonnis is een van 'n langdurige termyn
20 van gevangenisstraf. Wees die uiters verswarende faktore, is
ek van oordeel dat dit aangewese is om te gelas ingevolge
artikel 276B van die Strafproseswet dat beskuldigde 2 nie op
parool uitgeplaas mag word nie, alvorens hy twee-derdes van
die gevangenisstraf wat opgelê sal word, uitgedien het. Ek
25 moet meld in sy geval dat in die bepaling van die
/bw /...

gevangenisstraftermyn, dat ek in ag geneem het dat hy vir 14 maande verhoorafwagtend in die tronk was.

Ten opsigte van die veroordeling dat hy 'n begunstigde was tot
5 die moord in aanklagte 1 ten laste gelê, word beskuldigde 2 tot **SEWE (7) JAAR GEVANGENISSTRAF** gevonniss. Ten opsigte van aanklagte 2 waarop hy skuldig bevind is op diefstal, word beskuldigde 2 tot **SES (6) JAAR GEVANGENISSTRAF** gevonniss. Dit word gelas dat een jaar van die vonnis op
10 aanklagte 2 samelopend sal wees met die vonnis op aanklagte 1. Dit word verder gelas ingevolge artikel 276B dat beskuldigde 2 nie op parool uitgeplaas mag word nie totdat hy minstens agt jaar van die effektiewe totale tydperk van 12 jaar
gevangenisstraf uitgedien het. 6

15

Dit word verklaar ten opsigte van beide van die beskuldigdes ingevolge artikel 103 van Wet 60 van 2000, dat hulle onbevoeg is om 'n vuurwapen te besit.

20



BINNS-WARD, R